**SARS TERUGBETALINGHERROEPING OPGELOS**

**Tshwane, 25 Julie 2024 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die uitdagings ten opsigte van terugbetalingherroeping op sommige belastingpligtiges se rekeninge. Sedert die begin van die belastingseisoen, het SARS meer as R14 miljard aan 1.5 miljoen belastingpligtiges uitbetaal. Die inligting aan SARS beskikbaar, dui aan dat 30 000 belastingpligtiges se terugbetalings herroep is.

Te wyte aan die risiko wat met die geldigheid van terugbetalings gepaard gaan, ondergaan alle terugbetalings 'n geldigverklaringsproses deur alle belanghebbendes in die belastingekosisteem. Sodanige geldigverklarings kan lei tot terugbetalings wat vir verifiëring uitgewys word.

SARS het deur sodanige herroepte terugbetalings gewerk en is bly om te rapporteer dat 90% van alle terugbetalings vrygestel is. Teen Maandagoggend sal enige oorblywende terugbetalings óf vrygestel wees óf belastingpligtiges sal gekontak wees om stawende dokumente te verskaf waar nodig. Hierdie is normale prosesse met die geldigverklaring van terugbetalings. Nieteenstaande die bogenoemde uitdagings, het SARS ingevolge sy vroëre onderneming, 83% van alle terugbetalings binne 72 uur uitbetaal.

SARS vra om verskoning aan alle belastingpligtiges vir die ongerief veroorsaak met hierdie geldigverklaringsproses.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE